# Vierjarige kom met takbokkie-vriend huis toe

VERWERK UIT: MAROELA MEDIA

Vierjarige kom met takbokkie-vriend huis toe | Maroela Media



*(Foto: Stephanie Brown/Facebook)*

Sosiale media gons oor ‘n vierjarige wat vriende gemaak het met ‘n takbokkie toe hy buite gespeel het.

Stephanie Brown was verras toe haar seun Dominic op die voorstoep met die lammertjie opgedaag het. Die gesin was met vakansie by Massanutten-oord in die VSA toe Dominic buite gaan speel en met die takbokkie teruggekeer het.

Stephanie het gesê sy was verlede Dinsdag besig om kos uit die yskas te pak toe sy Dominic se voetstappe gehoor het. Toe sy omdraai, het haar seun en die takboklammertjie op die voorstoep gestaan.

“Ek het hom en die takbokkie langs mekaar gesien. Ek was baie verbaas! Ek het vir ‘n oomblik gevries, want ek het glad nie geweet wat om te doen nie,” het sy gesê.

Sy het vinnig haar selfoon uitgehaal en ‘n foto van die twee geneem wat sy later op Facebook gedeel het.

Die foto is reeds meer as 41 000 keer gedeel en het duisende kommentare uitgelok. “Dis die oulikste ding ooit!” het iemand geskryf.

Stephanie sê Dominic wou saam met die bokkie in die huis inkom om pap te eet, maar sy het hom gevra “om saam met sy nuwe vriend terug te stap in die woud in sodat sy ma hom kan vind.”

Dominic het in ‘n onderhoud gesê hy het die bokkie “Flash” genoem, na een van sy gunsteling-superhelde.